Wat is ware gebed?

Wanneer baie van ons aan gebed dink, dink ons aan iets soos 'n inkopielys. Ons gaan net na God toe wanneer jy iets nodig het. Dan bestel jy by God wat jy alles wil hê en jy kry dit. Gebed is egter baie meer as net 'n vra-sessie. Dit is die daaglikse ontmoeting met 'n lewende Persoon. Dit is 'n tyd van liefdesgemeenskap met ons hemelse Vader.

Ons kry verskillende fasette van gebed in die Bybel. Die maklikste is om dit te verduidelik met ‘n hand.



Word stil voor God

Bedaar en erken dat Ek God is, hoog bo die nasies, hoog bo die aarde.(Psalm 46:11)
Ons moet eerste van alles seker maak dat ons met die regte Persoon te doen het. Ons ou vyand, die Satan, skroom nie om selfs ons binnekamer te infiltreer nie. As ons bid, het ons met die Drie-enige God te doen, nie met die mense rondom ons nie.
Die woord wat in die oorspronklike taal vir “bedaar” gebruik word, is ook die woord waarvan vakansie afgelei is. God nooi ons om ‘n vakansie te neem. Om God toe te laat om God te wees en stil te raak voor Hom. Kom ons word dus nou baie stil en konsentreer op God. Wag totdat jy van sy teenwoordigheid bewus word. Die heilige, almagtige God is by ons om ons te ontmoet en om ons te leer om met Hom te verkeer. Vergeet van die ander mense rondom jou. Moenie nou iets van Hom vra nie. Aanbid Hom net in stilte vir Wie Hy is. Luister na Hom. Wat sê Hy vir jou?

1. Aanbid en loof die Here

Psalm 50:14 - “Lof is ‘n offer wat jy aan God moet bring.”
Matteus 4:10 - “Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.”
Die duim wys na bo: God moet geloof en geprys word. Om die Here te aanbid, beteken om na te dink oor wie God regtig is en wat Hy doen, en dit dan vir Hom te sê – met ‘n hart vol verwondering.
(Jy kan ook God aanbid en loof deur ‘n Skrifgedeelte soos Psalm145 te gebruik. Dit is 'n lofpsalm. Jy vra nie iets nie. Bid hierdie psalm in jou eie woorde, een versie op 'n slag. Moenie haastig wees nie. Moenie bang wees vir stilte nie. Jy is nou met die Here besig.)

2. Selfondersoek en skuldbelydenis
Daar is net een ding wat skeiding kan maak tussen God en ons as sy kinders. Dit is nie afstand nie, maar sonde.
Sodra ons God aanbid en bewus raak van die teenwoordigheid van die lewende, heilige God raak ons ook van ons eie sondigheid bewus. Dit bring ons by die tweede faset van gebed.
'n Mens wys met jou wysvinger na iemand as jy hom beskuldig. Deur sy Woord en Gees wys God ons op ons sonde en verwag van ons om ons sonde voor Hom te bely en sy vergifnis te aanvaar.

Kom ons bid dus soos Dawid:
"Deurgrond my, o God, deurgrond my hart,
ondersoek my, sien tog my onrus raak.
Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie
en lei my op die beproefde pad!" (Psalm 139:23-24.)
Wees spesifiek (noem die sonde by die naam) wanneer jy dit voor die Here bely.

3. Danksegging
Ons middelvinger is die langste. Die Heidelbergse Kategismus sê dat gebed die vernaamste deel van ons dankbaarheid is. Die grondtoon van alle gebed is: "Dankie God!" Dit is vir die Here belangrik dat ons altyd moet onthou om Hom te dank vir al die seëninge wat Hy ons gee. Dink maar aan die verhaal van die tien melaatses in Lukas 17:11-19. Maak 'n lys van al die sake waarvoor jy God kan dank. Dank Hom daarvoor!

4. Voorbidding
Ons is nou by die ringvinger. Die ring om dié vinger herinner ons aan almal en alles om ons. Daarom doen ons voorbidding vir die behoeftes van ander mense en bring ons ook ons behoeftes na die Here.
Ons voorbidding moet meer wees as net iets soos "Here, seën" As die Here daardie gebed verhoor, sal niemand dit agterkom nie. Nee, ons moet spesifieke gebede vir spesifieke mense of sake bid, soos die gemeente in Handelinge 12:1-19 wat vir Petrus daar in die gevangenis gebid het. Hulle gebede is vêr bo hulle eie verwagting verhoor.

4.1 Persoonlike versoeke
Nou eers gaan ons tyd maak vir dit wat normaalweg eerste kom in ons gebede: ons eie persoonlike versoeke. Ons kan hierdie gebede indeel onder drie hoofde:
6.1 Liggaamlike behoeftes
6.2 Geestelike behoeftes
6.3 Behoeftes aan leiding
Dit is heeltemal in orde om jou behoeftes na die Here te neem. In die Ons Vader het die Here Jesus sy dissipels geleer om te bid vir hulle daaglikse brood. Pas tog net op vir selfsugtige gebede (let op die "ons" in die Ons Vader gebed). Selfsug is die wortel van alle sonde, van die tyd van Adam en Eva af tot nou toe. Dit verhinder gebedsverhoring, al vra jy ook vir goeie dinge. (Jakobus 4:3)

5. Toewyding
Elke hand het 5 vingers. Sonder 'n pinkie is jou hand nie volledig nie. Dit herinner jou aan die laaste faset van gebed: die daaglikse toewyding van jou hele lewe aan die Here en aan sy diens. In Romeine 12:1-2 kry ons 'n oproep tot toewyding.